

Vrydag 24 Junie

Skrifgedeelte: Johannes 17:20-26

Fokusgedeelte: Johannes 17:22, 23

Aan die eenheid onder gelowiges sal die wêreld weet dat die Vader die Seun na die wêreld gestuur het

In die skadu van die naderkomende kruis tree Jesus priesterlik in vir Homself, sy dissipels, en vir almal wat deur die dissipels tot geloof sal kom. Jesus bid vir bewaring en heiliging van sy volgelinge, (vs 11, 12) vir die eenheid van die gemeente/kerk (vs 24-26) en die verheerliking van die gemeente/kerk (vs 24-26). Jesus weet dat daar mense sal wees wat die prediking van die apostels sal aanvaar. Uit die klein groep van dissipels sal Christus se kerk op aarde groei. Christus bid vir hulle eenheid. Soos daar 'n eenheid tussen die Vader en die Seun is, moet daar 'n goddelike eenheid tussen Vader, Seun en die gelowiges wees. Natuurlik werk die Heilige Gees in dit alles.

Die eenheid lê in die woord "in". Die Vader is "in" die Seun. Die Seun is "in" die Vader. Dit is 'n eenheid waar geen skeiding moontlik is nie.

Dan gaan dit oor na die lewe van die gelowiges. Die wêreld (heidene) sien dan dat die lewe van die gelowiges anders is. Dat die gelowiges iets besit wat hulle, die ongelowiges, nie het nie. En hierdie manier van lewe is dít wat die ongelowiges na die kerk, en na Jesus laat kom. Om te vra: Gee ons ook van dít wat julle het!

Tragies dat sondige verskeurdheid veroorsaak het dat gelowiges verdeel is in baie kerke en groeperinge. Dit is die roeping van gelowiges om hierdie verskeurdheid te herstel en tot ware eenheid in Christus te kom. Hoekom? Dat die wêreld (ongelowiges) sal kan weet dat die Vader die Seun gestuur het ... tot redding, verlossing, eenheid in die geloof. Wat doen jy en ek om eenheid van geloof in Christus te herstel en te bewaar?

Sing: Skrifberyming 12-2:1, 5

Ds. JF Mouton (Koos) (emeritus)